

DINSDAG 26 JULIE 2016
NG KERK MIEDERPARK
AARBEILAAN, MIEDERPARK

19:30

It all starts here ®

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOM CAMPUS

JETTY DE VRIES (ORREL)

Jetty de Vries studeer musiek aan die destydse PU vir CHO. Van Unisa ontvang sy die prestige Oorsese Musiekstudiebeurs wat haar in staat stel om vir vier jaar aan die *Hochschule für Musik und darstellende Kunst* in Wenen, Oostenryk, onder die bekende orrelpedagoog, Anton Heiller, te studeer.

As beurshouer van die Oostenrykse *Bundesministerium für Wissenschaft und Forschung* sluit sy haar studie in Wenen af met die *Konzertdiplom* in orrelvoordrag. Sy neem deel aan meesterklasse by Marie-Claire Alain, Luigi Ferdinando Tagliavini, Michael Radulescu, Werner Jacob en Ewald Kooiman. Terug in Suid-Afrika voltooi sy 'n Ph.D. aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.

Sy is sedert 1972 verbonde aan die Skool vir Musiek van die NWU (destyds PU vir CHO). Sy tree gereeld op as eksterne eksaminator by verskillende universiteite en as beoordelaar by kunswedstryde en kunsfeeste. Verder dien sy ook op Unisa se paneel van eksaminatore vir die landswye praktiese eksamens. Sy tree gereeld op in konserte as solis, ensemble-musikus en as begeleier.

Human Coetzee begin op sesjarige ouderdom met tjellolesse. Sy eerste onderwyser was Betty Pack, en later Marian Lewin. Ander onderwysers was Heilke Bultmann in Marburg, Duitsland en Dalena Roux in Stellenbosch. Na voltooiing van matriek in Potchefstroom, studeer hy aan die *Robert Schumann Institut* in Düsseldorf, Duitsland onder die leiding van Angelica May, 'n leerling van Pablo Casals.

Hy neem deel aan meestersklasse by Pierre Fournier, Johannes Goritzky en Boris Pergamenshikov. Na sy terugkeer na Suid-Afrika, verwerf hy Honneurs B.Mus. aan die Stellenbosse Universiteit en daarna M.Mus. en D.Mus. aan die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom.

HUMAN COETZEE (TJELLO)

Human tree op as solis saam met verskeie orkeste. Benewens sy uitvoerings as solis, neem hy gereeld aan verskeie kamermusiekensembles deel. Gedurende sy loopbaan ontvang hy verskeie toekennings, waaronder 'n spesiale prys by die eerste Unisa Internasionale Strykerkompetisie in Pretoria. Sedert 1990 is hy verbonde aan die Skool vir Musiek van die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom.

Jetty en **Human** maak al die afgelope sewentien jaar lank saam musiek en die kombinasie van tjello en orrel lê hulle albei na aan die hart. Hulle dubbel CD (getitel *A Musical Journey*) behoort binnekort beskikbaar te wees.

Piet Koornhof speel viool en probeer ander by die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom leer om dit ook te doen. Hy doen dit al vir so lank dat sy een skouer hoër is as die ander een. Sy groot musikale liefde is kamermusiek wat hy gereeld saam met kollegas hier pleeg, en soms saam met kollegas oorsee. Hy is mal oor sweef en lees, alhoewel hy byna nooit daarvoor tyd kry nie. Hy speel ook graag muurbal saam met sy seuns, gewoonlik aan die verloorkant.

Marguerite van Wyk studeer aan die Universiteit van die Vrystaat en verwerf B.Mus.(Ed.) en B.Mus. (Hons.) met sang as hoofvak onder leiding van Hanna van Niekerk. Sy ontvang meesterklasse by Werner Nel, Gerda Hartman, Mimi Coertse en Martin Koningsberger. Sy slaag Unisa Voordraerslisensiaat met lof en word genooi om deel te neem aan die Oorsese Beurskompetisie. Sy is ook 'n semi-finalis in die ATKV Forte-kompetisie. Sy tree op in verskillende SUKOVS-produksies, die Jeugkonsertfees saam met die SUKOVS-orkes, asook met die Drakensberg Seunskoor. Sy is tans 'n student van Werner Nel en is besig met M.Mus.-studies aan die NWU.

PROGRAM

Die program word hoofsaaklik gewy aan werke van die laat-Romantiese komponis, Max Reger (1873-1916), ter geleentheid van die honderdste herdenking van sy sterfjaar. Reger het in sy kort lewe van slegs 43 jaar 'n verstommende hoeveelheid musiek gekomponeer wat bykans alle genres insluit, behalwe opera. Sy komposisiestyl kombineer 'n ekspressiewe chromaties-harmoniese taal met kontrapuntale en strukturele beginsels van die Barok en Klassieke periodes.

Max Reger is in dieselfde jaar gebore as die komponis Sergei Rachmaninoff en die tenoor Enrico Caruso. Sy posisie word deur sommige beskryf as 'n "historiese brug tussen Brahms en Schoenberg". Dwarsdeur sy lewe koester Reger 'n groot bewondering vir Johann Sebastian Bach. Vir hom was Bach die "Alfa en Omega" van alle musiek.

Jetty de Vries ~ orrel
Human Coetzee ~ tjello
met
Piet Koornhof ~ viool
Marguerite van Wyk ~ sopraan

1. Suite nr. 1 vir solo tjello, Op. 131c **Max Reger (1873-1916)**

I. Prelude
II. Adagio
III. Fugue

Max Reger se drie suites vir solo tjello is in 1915 gekomponeer en word gereken onder die moeilikste solo literatuur vir hierdie instrument. Reger se suites bestaan nie uit 'n reeks danse soos kenmerkend is van 'n baroksuite nie, maar bevat eerder 'n reeks verskillende karakterstukke. Die eerste suite is opgedra aan die tjellis, Julius Klengel.

PROGRAM

2. Aria vir tjello & orrel, Op. 103a/3 **Max Reger (1873-1916)**

Hierdie Aria is oorspronklik geskryf om op die G-snaar van die viool gespeel te word. Dit kom uit die Suite vir Viool en Klavier en is in 1908 geskryf. Reger het self 'n verwerking vir tjello en orrel gemaak en opgedra aan die tjellis, Julius Klengel. Die werk herinner aan Bach se bekende "Air on a G string" uit die Derde Orkessuite, met sy rustig bewegende baslyn en melodie wat op die G-snaar van die viool gespeel word.

3. Fantasie uit Fantasie en Fuga in d mineur, Op 135b, vir orrel
Max Reger (1873-1916)

Die Fantasie en Fuga in d mineur, op 135b, is Reger se laaste orrelkomposisie en is geskryf in 1916, sy sterfjaar. Soos sy ander monumentale orrelwerke is hierdie werk ook tegnies baie gekompliseerd, met geweldige kontraste in dinamiek en stemming.

Pouse

4. Three Dances for cello and organ — Martin Watt (*1970)

I. Allegro spiritoso
II. Adagio e molto cantabile
III. Allegro vivace

Vanaand is die wêreldpremière van die *Three Dances for cello and organ,* 'n opdragwerk wat moontlik gemaak is deur die NWU se PUK-Kunste.

Hierdie werk, waarvan die ink nog skaars droog is, is spesiaal deur Martin Watt geskryf vir tjellis Human Coetzee en orrelis Jetty de Vries.

Martin Watt is 'n oud-Potchefstromer en alumnus van die NWU, beide in die hoedanigheid van student sowel as dosent. Hy is tans verbonde aan die Universiteit van Kaapstad as senior lektor in komposisie en musiekteorie. Martin Watt word nasionaal en internasionaal gereken as komponis en het al verskeie pryse en toekennings vir sy komposisies ontvang, wat reeds meer as sewentig substansiële werke in verskeie genres insluit.

Die *Three Dances for cello and organ* bestaan uit drie betreklike kort, kontrasterende danse, gebaseer op danse uit die tipiese barok danssuite.

Die eerste dans is in 'n opgewekte drieslagmaat en herinner aan die *Courante* barokdans.

Die tweede dans, met sy stadige en teer melodieë, is in 'n kontrapuntale tekstuur. Dit herinner aan die *Allemande* barokdans. 'n Aanhaling van JS Bach se *Allemande* uit sy Franse Suite Nr. 1 word in die loop van die beweging gekombineer met 'n herhaling van die aanvangstema.

Die derde dans is weer 'n vinnige en lewendige dans in drieslagmaat, wat herinner aan 'n tipiese *Gigue* barokdans.

5. Twee liedere uit "Schlichte Weisen" — Max Reger (1873-1916)

Waldeinsamkeit, Op. 76/3
Mariä Wiegenlied, Op. 76/52

Albei liedere kom uit Max Reger se versameling *Schlichte Weisen* ("Eenvoudige Melodieë"), Op. 76, wat uit sestig liedere bestaan. Soos die titel veronderstel, is hierdie liedere toeganklik en bekoorlik. *Waldeinsamkeit* (nr. 3) is 'n liefdeslied, waarin die meisie vertel hoe sy in die rustigheid van die woud haar verwonder aan 'n 'blackbird' en verras word deur haar geliefde wat haar soen.

Die bekende *Mariä Wiegenlied* (nr. 52) is 'n wiegelied wat deur Maria vir die Jesuskind gesing word. Max Reger het self hierdie weergawe vir sangstem en orrel, met viool (*ad libitum*) gemaak.

6. Weihnachten (Kersfees), Op. 145/3 — Max Reger (1873-1916)

Vroeg in 1916 skryf Reger sewe orrelstukke, uitgegee as Op. 145. Die derde hiervan, Weihnachten, was besonder gewild en is na Reger se dood vir verskillende instrumentale kombinasies verwerk. Karl Hoyer was verantwoordelik vir hierdie verwerking vir viool, tjello en orrel.

Die werk bevat verskillende temas en verwerkings van bekende Duitse kersmelodieë:

Es kommt ein Schiff geladen

Kommst du, kommst du, Licht der heiden

Vom Himmel hoch, da komm ich her

Stille Nacht, heilige Nacht

Die Skool vir Musiek se jaarlikse konsertreeks word geborg deur die Rupert Musiekstigting

@ the Conserve 2016

Suid-Afrikaanse Musiekkonsert
Dinsdag 2 Augustus • 19:30

Love's lost and found
Dolf Mathee – baritone / Jana Mathee – piano
Dinsdag 16 Augustus • 19:30

Dekaanskonsert: Potch Trio
Piet Koornhof – viool / Human Coetzee – tjello / Tinius Botha – klavier
Dinsdag 23 Augustus • 19:30

Telephone: (018) 299-1692
E mail: music@nwu.ac.za
Website: www.nwu ac.za/music
Blog. www.nwumusic.co.za

www.facebook.com/NWU.Music
@nwumusic
www youtube.com/user/NWUMusic
www linkedin com/groups/NWU-School-Music-Conservatory-4354935
www.google.com/+NWUConservatoryKonservatoriumPotchefstroom
pinterest.com/nwumusic
4sq com/kBhr4M